

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

September 2009 **Nommer 81**

INHOUDS OPGAWE

Die gemeente en die sending	...1
Pastoraat in die breedte	...3
Tussen ja en nee	...6
Vraagtekens by die vra na 'n teken	...11
God se skepping – ons omgewing	...11
GB-nuus	...15
Fees in die nuwe Jerusalem	...15

Die gemeente en die sending

L Floor

In Handeling 13 stuur die kerk die sendelinge uit om die Evangelie aan die heidene te verkondig en in Hand. 19 sien ons die omgekeerde. Daar stuur die sendeling die kerk uit om die Evangelie aan die heidene te verkondig. In Hand. 13:1-5 lees ons van die uitsending van Paulus en Barnabas met hulle helper Johannes Markus. Watter manne word hier uitgestuur? Dit is manne wat al in die kerk van die Here gewerk het. Ons lees dit in Hand. 11:26. Dit is goed as 'n sendeling eers 'n tydjie in die gemeente werk voor hy sendingveld toe gaan. En wat vir die sendeling geld, is ook van toepassing op sy helpers. Watter mense moet die kerkraad toerus en uitstuur? Hulle wat al in die gemeente gewerk het. Jongmense byvoorbeeld wat getrou gehelp het by die katkisasie of wat in die Jongeliede-vereniging met toewyding gewerk het. Dáár moet die kragte gesoek word wat ook buitekant die gemeente op die sendingveld kan werk. Ons kan nie maar net so enigiemand uitstuur omdat daar nie ander is nie. Binne-gemeentelike arbeid is baie belangrik as voorbereiding vir die buite-gemeentelike arbeid op die sendingveld.

In ons tyd waarin die funksie van die kerk ten koste van sy wese so sterk beklemtoon word — die kerk is slegs daar vir en ten behoeve van die wêreld — is dit belangrik om te besef, dat die Nuwe Testament so sterk die klemtoon lê op die opbou van die gemeente, want dit en dit alleen maak 'n kerk tot 'n regte sendingkerk. Getuienis en diens het alleen krag as hulle ontspring aan die teenwoordigheid van die Gees van Christus in sy liggaam nl. die gemeente. Jy kan nie eintlik sending organiseer nie. Sending is nie in die eerste plek 'n georganiseerde werk nie maar 'n geïnspireerde werk. Die sendelinge wat deur die gemeente te Antiochië uitgestuur is om aan die heidene die Evangelie te verkondig, keer aan die end ook weer tot dieselfde gemeente terug om verslag te doen van alle dinge wat God met hulle gedoen het en dat Hy 'n deur van geloof vir die heidene geopen het (Hand. 14:27). By ons verdwyn die verslag van die sendeling in die rapporte aan kerkrade, Klassis, Sinodes en algemene sendingdeputate. In die Nuwe

Testament kom die sendelinge telkens weer by die gemeentes terug om die gelowiges te inspireer en te aktiveer.

Die gemeente word geroep om met die arbeid van die sendelinge mee te lewe, mee te bid en mee te arbei. In die Nuwe Testament sien ons dat daar van die kant van die sending 'n voortdurende worsteling is om die kerk by die werk van die sending te betrek. Alle briewe van die apostel Paulus is op die sendingveld geskrywe, het J.H. Bavinck opgemerk, en dit is gedoen om die gemeentes op te wek om saam met die sendeling in die gebede te stry (Rom. 15:30) vir die geloof van die Evangelie (Fil. 1:27). Ons moet in die gemeentes, of hulle dit wil hoor of dat hulle dit nie wil hoor nie, veel meer informasie verskaf oor en voorbede vra vir die sendingwerk. Ons probleem is dat die sendingveld te naby is. Wanneer die sendingveld ver weg is dan lyk dit asof dit gemakliker gaan. Maar dit is dikwels ook maar die sendingromantiek wat niks met die Heilige Gees te doen het nie. Die gemeente kan vir sy innerlike opbou en sy geestelike groei die voortdurende kontak met die sendingveld en met wat daar gebeur, nie ontbeer nie. Daar moet dus 'n voortdurende beïnvloeding wees van die sending op die kerk. Wat op die sendingveld gebeur moet aan die gemeente bekend gestel word.

In die Nuwe Testament sien ons dat daar van die kant van die sending 'n voortdurende worsteling is om die kerk by die werk van die sending te betrek

Omgekeerd moet ook die kerk inwerk op die sending en wel op 'n besondere manier. Want in Hand. 19 lees ons die omgekeerde van Hand. 13. In Hand. 13 het die kerk die sendelinge uitgestuur en in Hand. 19 stuur die sendeling die kerk uit.

Paulus het op sy derde sendingreis in Efese gekom. Die grondleggende sendingwerk is egter al deur Apollos verrig in daardie stad. Die eerste fase van die sendingwerk het al in Efese plaasgevind wanneer Paulus in daardie stad aankom. In verband hiermee sien ons 'n merkwaardige wending in die sendingmetode van Paulus.

Wanneer hy in Efese ('n plek met 'n groot bevolkingskonsentrasie) aangekom het, gaan hy nie onder die heidene arbei nie, maar dan rig hy hom in sy sendingwerk tot die gelowiges.

Paulus bly drie jaar lank in Efese om die jong gemeente toe te rus sodat daardie gemeente hom kan ontwikkel tot 'n brandpunt van sendingaktiwiteit in die hele provinsie Klein-Asië. Laat ons net kyk na Hand. 19:10. Ons moet besondere aandag gee aan die woordjie „sodat”: *“sodat al die inwoners van Klein-Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke”*. Al die inwoners van Asië hoor die Woord van die Here Jesus. Paulus het die gelowiges in Efese geïnspireer en geaktiveer met die oog op hulle roeping om 'n getuigende kerk te wees. Alle gelowiges moet ingeskakel word in die arbeid van die gemeente met die oog op hulle roeping om 'n getuigende kerk te wees.

In die brief wat Paulus later aan die gemeente te Efese geskryf het, lê hy daarom die volle nadruk op die opbou van die gemeente. In die Efesebrief wat ons die kerkbrief kan noem, wys die apostel op die toerusting van die heiliges in verband met die opbou van die gemeente (Ef. 4:12), maar dan is die innerlike selfopbou altyd bedoel om meer en meer 'n getuigende, 'n sendingbewuste, 'n missionêrbewoë kerk te kan wees.

Wanneer daar gevra word hoe daardie toerusting tot sendingwerk prakties gerealiseer moet word, vind ons die antwoord in vs. 9 van Hand. 19. Daar staan dat Paulus elke dag met sy dissipels samesprekinge gehou het. Letterlik skrywe Lukas: hy was altyd maar besig om te dialogiseer. Dit wil sê: hy het in 'n gespreksvorm die Woord van die Here vir hulle verduidelik. Hy het sy dissipels uit die Woord van God geleer en hulle gehelp om te kan getuig. Daar is 'n bekende handskrif (D - Beza) wat daaraan toevoeg: van die vyfde tot die tiende uur, d.w.s. van 11 uur tot 4 uur. Th. Zahn, 'n bekende Nuwe Testamentikus wys daarop dat hierdie mededeling reg kan wees. Griekse onderwysers het gewoonlik vroeg in die môre skool gehou en na 11 uur was die skool beskikbaar.

Ons moet aan hulle wat bereid is om saam te werk in die sending oordra wat ons self uit die Woord van die Here ontvang het. Dit kan heel eenvoudig

**The Reformation's answer to the question:
“Don't I contribute anything to my salvation?”,
is “Yes ... Your sin!”**

gedoen word deur saam 'n preek te maak of die gedagtes vir 'n preek gesamentlik uit die teks te versamel. Dan kan ons hulle op 'n eenvoudige manier iets vertel oor die belangrikste heilswaarhede soos bekering, geloof, regverdiging ens. om dit op die sendingveld uit te dra. Die lidmate wat bereid is om saam te werk in die spontane sendingarbeid, hoef nie alles tegelykertyd te leer en te weet nie. Die groot ding is net hulle moet met wat hulle geleer het uitgaan en dit verkondig. Dit maak hulle honger om meer te mag leer.

Hierdie wyse van sendingwerk is goedkoop en doeltreffend. Wanneer dit biddend gedoen word, sal die Here dit ryklik seën.

Pastoraat in die breedte

CJ de Ruijter

Pastorale versorging in die gemeente begin al hoe meer vasloop. Myns insiens is die agtergrond hiervan dat ons 'n te skrale visie op die pastoraat het. Ons sien dit meestal net as "opsig en tug". Maar dit lei onherroepelik tot 'n verskraling van die karakter van egte pastoraat. Bowendien word die pastoraat dan al baie gou slegs 'n "amptelike" saak. Ek wil in hierdie artikel laat sien dat die Bybel ons 'n pastoraat leer wat baie breër is.

Amp en gemeente

In die sig op pastoraat is jou uitgangspunt natuurlik baie belangrik. Dit is voor die hand liggend om te redeneer vanuit die woord 'pastor'. So dui ons ons ampsdraers aan. Hulle mag self, in die Naam van die groot Herder, herderlik (pastoraal) besig wees in die gemeente. As jy hierdie benadering kies, dan sal jy veral die amptelike kant beklemtoon. Jy redeneer dan vanuit die taak van die ampsdraer.

Maar hierdie benadering het ook sy besware. Want as jy nie 'n ampsdraer is nie, dan voel jy baie gou minder betrokke. Jy het immers geen spesiale pastorale taak nie? Wil dit dan sê dat jy dus geen enkele pastorale bemoeienis met jou medegelowiges het nie? Niemand sal durf om dít te beweer nie. Die ampsdraers is ten slotte nie die mense wat die werk in die gemeente namens ons waarneem nie.

Dit deug dus nie as ons slegs vanuit die amptelike taak redeneer nie. Dit lewer nou juis 'n versmalling op. Ons moet ons ook as gemeente aangesproke voel as ons deur God op die pad gestuur word: op pad na die ander toe. Wie aan hierdie invalshoek vashou, sal sien hoe breed die pastorale roeping wat op ons afkom, in feite is. Ek wil probeer om dit aan te toon deur verskillende dimensies van die pastoraat te toon.

Bystand

Ek dink bystand is die mees elementêre funksie van pastoraat. Wanneer jy 'n ander persoon bystaan, wil dit sê dat jy ondersteuning en hulp aan die ander een bied. Dit sal meestal gaan oor moeites wat jy ervaar, maar sukkel om alleen te verwerk. Ons het mekaar in die gemeente nodig om die bitterheid van die lewe en die beproewings van God te kan verwerk. Maar nie slegs dit nie. Dit is ook in voorspoed belangrik dat ons bymekaar is. Die gemeenskap van die heiliges omvat alles wat die Here in ons lewe gee.

**'n Trooster is
saam met die ander
by die bron waaruit ons lewe
sy houvas ontvang**

Een woord wat gereeld in die Bybel in hierdie verband genoem word, is *vertrous*. Vertrous mekaar, skryf Paulus (1 Thess. 4:18, vgl. 2 Kor. 2:7). Ons sien reeds by hierdie woord hoe beperk dit is as ons praat oor 'opsig en tug'. 'n Opsier kyk meer hóé iemand leef. 'n Trooster is saam met die ander by die bron waaruit ons lewe sy houvas ontvang. (As jy mooi daarna kyk, is daar in bystand ook 'n duidelik diakonale kant.) Ek dink dat 'n mens ook nog op 'n ander manier kan sien hoe breed pastoraat eintlik is. As jy naamlik regtig bystand wil verleen, vereis dit 'n verhouding met die ander een. As jy 'n ander een regtig wil help om iets te verwerk, dan is dit eintlik nodig dat jy saam-ly met die ander een. Jy is naby, bereid om iets van die pyn te voel, saam die aanvegtinge te ervaar. Dit is nie moontlik sonder 'n fundamentele verhouding met die ander een nie.

**'n Kerk wat Christus opreg en publiek bely,
is altyd relevant in die samelewing,
ongeag hoe groot hulle is**

- ALA Buys

Juis op hierdie punt voel die ouderlinge baie keer beperk in hulle moontlikhede. Veral die predikante. Dink aan 'n gemeente met die ideale grootte: so 350 siele. Is dit moontlik om met al 350 'n werklike verhouding te hê? Elke dominee weet dat dit nie moontlik is nie. Dit beteken dat die dominee, selfs in 'n redelike gemaklike pastorale situasie, dikwels nie uitkom by die elementêre vorm van pastoraat nie.

Pastoraat beperk homself nie tot 'opsig en tug' deur huisbesoek nie, maar oorvleuel ook 'n groot deel van die preek

Maar die ouderlinge ervaar ook hier probleme. Hulle doen die pastoraat naas hulle gewone werk. Hulle het boonop nog baie vergaderwerk ook. Die resultaat is dat baie ouderlinge gou bly is as hulle een keer per jaar by al hul besoekpunte uitgekom het. En by sommige besoekpunte kom hulle tydens hul jaarlikse besoek vir die heel eerste keer. Wie kan hulle verwyf? Maar hulle moet ook erken: Ons kom as ampsdraers glad nie daarby uit om 'n hegte verhouding op te bou met die mense in my wyk nie.

Ek weet dat baie dominees en ouderlinge met skuldgevoelens rondloop oor hierdie punt: 'Ek kom te min uit by die mees elementêre vorm van pastoraat. Dit vra so baie om 'n ander een by te staan, dat ek dit maar met min mense kan regkry om so 'n hegte verhouding op te bou.'

Is dit erg? As die predikant en die ouderling dit alleen moet doen, ja ... Maar gelukkig is dit nie so nie! Ons is as lede van Christus se liggaam aan mekaar gegee! Ons het as gemeentelêde baie geleenthede teenoor mekaar om pastoraal besig te wees. Juis die elementêre bystand wat ons almal 'n slag nodig het, kan 'n mens as gemeentelêde op 'n goeie manier aan mekaar gee. Daarvoor is nie opsig en tug nodig nie. Ons pastoraat kan baie groei in die breedte.

Begeleiding

'n Tweede funksie van pastoraat sou ek graag wil tipeer as *begeleiding*. Jy kan al die vorme van geestelike leiding wat ons in die kerk teëkom,

daarmee saamvat - en daar is heelwat van sulke vorme. Om geestelike leiding te gee in Christus se gemeente, is dit nodig om te vermaan, toe te rus, te bestraf, te weerlê, te onderwys, ens.

Dieselfde kleur is dikwels in al hierdie woorde teenwoordig. 'n Mens sien dat jy hier baie meer in die sfeer van 'opsig en tug' verkeer. Dit is natuurlik veral die "oudstes" wat op hierdie manier geroep word om in die kerk op te tree. Die leiding van die gemeente word aan hulle opgedra (1 Tim. 5:17). Dit beteken dat hulle sterk op hierdie punt moet konsentreer.

Nou sien 'n mens ook op 'n baie ander manier dat pastoraat breër is as wat ons dikwels aanneem. Vermaning, weerlegging, bestraffing, ens. is woorde wat dui op die pastoraat. Hulle kom dan ook dikwels terug in die huisbesoeke. Maar hierdie dinge gebeur natuurlik net so goed in die prediking. Dit is ook 'n veld waarop die geestelike leiding van die gemeente baie mooi tot haar reg kan kom. Pastoraat beperk homself nie tot 'opsig en tug' deur huisbesoek nie, maar oorvleuel ook 'n groot deel van die preek.

Ek konstateer dus dat *begeleiding* as pastorale funksie sterk in die rigting van die oudstes wys. In die praktyk blyk tog dat baie oudstes ontevrede is oor die moontlikheid wat hulle het om leiding te gee. Dit hang nogal saam met die feit dat hulle dikwels te laat ingeskakel word. Geestelike leiding is in ons tyd nogal nodig by allerlei etiese sake. Byvoorbeeld oor huwelik, gesinsvorming en egskeiding. Maar dit kom reëlmatig voor dat mense in die gemeente op hierdie punt leiding nodig het, sonder dat die dominee en ouderling daarvan bewus is. Die oomblik wanneer die ampsdraers betrokke raak, is dit dikwels al te laat om nog werklike begeleiding te kan doen. Regte geestelike leiding in die persoonlike sfeer vra natuurlik ook na 'n regte verhouding waarbinne sulke begeleiding 'n goeie plek kan kry. Wat dít betref, is pastorale *begeleiding* 'n verdieping van pastorale *bystand*.

So 'n verdieping beteken ook dat die oudstes in die praktyk gou die grense van sy moontlikhede bereik - ook al is dit sy spesifieke taak. Maar moet hy dan alleen die werk doen? Is dit regtig die beperkte kring van die oudste wat hierdie spesifieke aspek van pastoraat toegewys kry? Ek dink nie so nie.

**Die môre van die groot dag van die Here
het reeds aangebreek, maar die gister van hierdie dag
is nog nie verby nie**

- L Floor

Ons sien immers duidelik hoe hierdie taak aan die gemeente in haar geheel opgedra word. Ons word opgeroep om op *mekaar* toe te sien (vgl. bv. Heb. 12:15), *mekaar* tereg wys (1 Thes. 5:14), ens.

Ons is dus nie eksklusief aangewese op die ampsdraers vir geestelike leiding nie. En dit is ook heel verstaanbaar. Want sulke leiding hou in dat jy déúr die naam en wil van God en sy bedoeling met ons lewe ter sprake te bring in die konkrete situasies van ons lewe. Dit is nie slegs die oudstes wat oor hierdie moontlikheid beskik nie. Die evangelie is aan die gemeente toevertrou. Ons kan mekaar ruimskoots daarmee begeleidend van diens wees. Ook in hierdie opsig kan ons pastoraat nog baie in die breedte groei.

Versoening

‘n Derde funksie van pastoraat is *versoening*. Dit was nog altyd ‘n baie belangrike dimensie in die pastoraat. Baie mense is van God en mekaar vervreem. Dit is die pastor se pragtige roeping om hulp hierin te bied en diens te doen met die oog op versoening.

As ‘n mens nadink oor hierdie aspek, is ek geneig om hier veral ‘n taak te sien vir die ampsdraers. Daar loop op hierdie punt immers ‘n baie duidelike lyn van die kerkdienste na die pastoraat. Vanuit die prediking en die bediening van die Nagmaal, sien jy direkte lyne na die versoening in die pastoraat. Myns insiens is dit ook reg. Dit is ook die mooi van ampsdraer wees, dat jy ‘n sterk eenheid kan sien tussen wat jy op Sondag doen in die kerk en deur die week in die huis.

Dit geld natuurlik net so seker vir die gemeentelede. Want as dit gaan oor versoening, dan is die wese van die kerk in gedrang. In *bystand* of *begeleiding* kan dit baie keer sterk plaasvind binne die individuele sfeer. Maar by *versoening* is die kerk baie meer direk in beeld. Dit is immers skuld en konflikte wat ‘n wig dryf in jou lewe. ‘n Wig tussen jou en God, tussen jou en die ander, tussen jou en die kerk. Versoening beteken dat die vervreemding genees kan word. En daardeur sal die wonder van kerk-wees altyd weer ‘n nuwe plek in jou lewe kry.

Dit maak nou juis dat gemeentelede ook ‘n belangrike taak het by die versoening. Hulle is

dikwels die eerstes wat die vervreemding kan opmerk. As ‘n lid van die liggaam op die buiterand gaan staan en nie meer saam met ‘n ander lid wil saamleef nie, is die gemeente dikwels eerste bewus daarvan. Ek weet dat dit dan dikwels die neiging is om die dominee of die ouderling by die saak in te roep. Maar die eerste taak lê by die lede wat opmerk dat daar êrens in die liggaam ‘n stremming is.

Lê die opdrag tot versoening nie eintlik opgesluit in die gesamentlike viering van die Nagmaal nie? “Omdat ons almal deel het aan die een brood, is ons saam één liggaam. Dit moet ons ook deur ons daad aan mekaar bewys”. Salig is die vredemakers (Matt. 5:9). Dit is nie ‘n oproep slegs aan ampsdraers nie. Dit is ‘n woord vir al God se kinders. Hier is ook baie ruimte vir pastorale groei in die breedte.

Ideaal en werklikheid

Die tendens van hierdie verhaal is duidelik: dat ons na die verbreding van die pastoraat toe moet beweeg. In hierdie verband wil ek wel ‘n misverstand uit die weg uit ruim. Ek wil nl. glad nie suggereer dat daar in ons gemeentes buite die amp om niks sou gebeur nie. Inteendeel. As dominee kom jy hartverwarmende voorbeelde daarvan teë. Jy bemerk dat mense vir mekaar bid, mekaar help, raad gee, tereg wys, steun, bemoedig, ens.

Die bron en die roeping van die pastoraat is gegee aan die nagmaalstafel, waar ons aan mekaar verbind word deurdat ons deel het aan die een Brood

Maar tegelykertyd merk ‘n mens ook op dat daar nog baie gedoen moet word in die onderlinge pastoraat. Die kultuur waarin ons lewe maak dit ook nie vir ons gemaklik in hierdie opsigte nie. Ons lewe in ‘n tyd van oppervlakkigheid en koue doenigheid. Wie kry in so ‘n sfeer nog tyd vir die bou van ‘n hegte verhouding met ander? Ons is gesteld op ons privaatheid en individuele selfstandigheid. Wie waag dit om in so ‘n sfeer iemand anders te vermaan? Ons word vertrouwd gemaak met die vraag na geldingsdrang en mondigheid. Wie sien dan nog ruimte om geestelike leiding te gee? Dit is alles faktore wat gemeentepastoraat sterk kan belemmer.

**Selfverloëning ter wille van Christus
is die hoogste vorm van selfbehoud**

Die beeld van 'n gemeente wat regtig funksioneer as 'n liggaam, waarvan die lede ook werklik saamleef, is in werklikheid dikwels moeilik herkenbaar. Myns insiens moet ons erken dat gemeentepastoraat by ons behoorlik onderontwikkeld is. Maar juis daarom is dit belangrik dat ons ons visie op pastoraat nie sal verskraal tot 'n taak wat volledig onder opsig en tug van die kerkraad val nie.

Gemeente en amp

Uit die beeld wat ek globaal in die artikel geskets het, trek ek die volgende konklusies: die grondvorm van pastoraat is die onderlinge pastoraat van die gemeente. Die bron en die roeping van die pastoraat is gegee aan die nagmaalstafel, waar ons aan mekaar verbind word deurdat ons deel het aan die een Brood (1 Kor. 10:17). Gemeentepastoraat is gegee met die feit dat ons saam lede van één liggaam is. As één lid ly, dan ly alle lede saam (1 Kor. 12:26).

Natuurlik moet ons meer daarvan sê. Want as ons in die Bybel lees oor die gemeente, dan is dit altyd 'n amptelike gestruktureerde gemeente. Christus het ampsdraers aan sy kerk gegee om die gemeente toe te rus tot diensbetoon (Ef. 4:12). Dit beteken dat die kernstruktuur van die pastoraat altyd amptelik bepaal sal word. 'n Amptelike taak beteken dat 'n mens 'n voorganger in die gemeente is. Jy loop vóór in diensbetoon aan en van die gemeente.

Al hierdie dinge is reeds redelik bekend vir ons. Ek glo ook nie dat ek met hierdie artikel iets nuuts na vore bring nie. Tog dink ek dat die werklikheid van ons pastoraat agterbly by die beeld wat die Nuwe Testament van gemeentepastoraat teken. Soos gesê word ons visie van gemeentepastoraat versmal deur die invalshoek van 'opsig en tug'. Solank as wat dít ons visie bepaal, sal gemeentepastoraat onderontwikkeld bly. Daarom is dit slegs nodig dat ons die praktiese konsekwensies trek uit dit wat die Nuwe Testament sê oor pastoraat. Juis die praktiese konsekwensies is myns insiens nodig vir 'n pastoraat wat homself heeltemal uitstrek oor die breedte van Christus se hele gemeente.

Tussen ja en nee

B Luiten

Onlangs is die vraag aan my gestel, hoe dit kan gebeur dat die gegewe ja-woord soms so maklik verbreek word.

Die aantal kere wat dit voorkom is weliswaar nog relatief gering en dit sal buitendien van plek tot plek verskil. Maar die gemak waarmee dit in sekere gevalle gebeur is tog wel verbasend.

As iemand homself nie meer in die kerk tuisvoel nie, en hy soek 'n ander geloofsgemeenskap, dan is die ja-woord wat eendag gegee is (voor God en sy gemeente) gewoonlik nie 'n onoorkomelike struikelblok nie. Sodra die ouderling hierop 'n beroep doen, is dit gewoonlik alreeds 'n afgedane saak.

Met die ja-woord van die huweliksdag is dit nie baie beter gesteld nie. As die oortuiging eers sover gegroei het dat iemand die verkeerde eggenoot gekies het (soms 'n jarelange proses), dan word met die belofte voor God partykeer baie gou klaargespeel. Asof mens sommer net so jou belofte kan verbreek!

Dit is des te meer opsienbarend, omdat in die Bybel baie uitdruklik hierteen gewaarsku word. Ek dink aan Deut. 23:21-23, waar o.a. geskryf staan: *'Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan die Here jou God vrywillig beloof het – wat jy met jou mond gespreek het.'* En veral ook Prediker 5:3, 4: *'As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevallen in dwase nie. Betaal wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.'* As laaste, om net 'n paar te noem, Jak. 5:12b: *'Laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.'*

'n Mens wonder hoe dit kan gebeur dat hierdie woorde op beslissende oomblikke geen indruk meer maak nie, tenminste nie naastenby genoeg nie. Hieroor wil ek graag die volgende opmerkings maak.

Miskien kan dit 'n aanleiding wees om 'n slag saam dieper oor hierdie verskynsel na te dink, dalk by Bybelstudie-groepe.

God's judgments do not call into question his justice but rather express it. Therefore, the people of God respond to his judgments by praising and worshiping Him

- TR Schreiner

'Ja' is 'n antwoord

Ons eerste waarneming behoort te wees dat ons 'ja' altyd 'n reaksie op iets is. As jy 'ja' sê op 'n vraag, dan is dit 'n regstreekse antwoord. Maar jy kan byvoorbeeld ook so reageer as jy geroep word. Ook is die ja-woord van die belofte 'n plegtige aanvaarding van dit wat deur God voorgehou word.

Ons 'ja' staan dus nie op sy eie nie, dit is regstreeks gekoppel aan die spreke van die ander. Dit hou ook in dat die belangrikheid van ons 'ja' in die praktyk in direkte verhouding staan met die indruk wat die spreke van die ander op ons maak. As dit maar min inhou, dan sal ons antwoord ook nie baie diepte hê nie. Dit is baie herkenbaar in die Skrif.

Wanneer God sy verbond sluit met sy volk, praat hy op allerhande maniere met ons. Vanaf die berg Sinaï hoor ons woorde van verlossing en ontferming, ons luister na beloftes en gebooie, ook klink dreiging agterna. Dit alles is baie indrukwekkend, spesifiek ook deur die feit dat God in die vuur verskyn het. Israel bewe en is te bang om verder te luister. Hulle vra vir Moses om vir hulle in te tree. Laat hy na God se woorde luister om dit dan vir die volk oor te vertel. Alles wat die Here sê sal hulle doen, so belowe hulle plegtig.

Ongetwyfeld het hulle dit bedoel tot in die diepste van hulle hart. God was so naby, sy majesteit so oorweldigend, wie sou nie vrees nie? Wie sou dit waag om sy woord te breek?

**Dit leer ons
dat die waarde van die ja-woord
regstreeks afhanklik is
van die besef
van die nabyheid van God**

Tog, na verloop van tyd, is God vir hulle gevoel baie ver weg. Hulle vra waar Hy is. Hulle daag Hom uit om Homself te bewys...!

In daardie klimaat stel die plegtige 'Ja' wat op die Sinaï gegee is, nie meer baie voor nie. Die een afvalligheid volg op die ander. Dit leer ons dat die waarde van die ja-woord regstreeks afhanklik is van *die besef van die nabyheid van God*.

Wie is God?

As mens die vraag onbetrokke invul, word daar maklik oor die geloftes heengestap. Maar as jy sy majesteit raaksien wat Hy openbaar in al sy werke (baie naby!), dan is die gedagte om jou beloftes te verbreek, heeltemal buite die kwessie.

As ons dit begin besef, sal ons ook raaksien op watter manier satan ons in hierdie tyd aanval. Het daar nie in ons huidige samelewing die gevoel ontstaan dat God ver weg is nie?

Vir baie mense is dit selfs nog 'n vraag wie Hy is. Is Hy 'n Iemand, of is Hy 'n 'iets', 'n mag, 'n krag (die natuur) of 'n begrip (die liefde), ens.

Hý word in elk geval *nie* voortdurend genoem by die toonaangewende gebeurtenisse in die samelewing nie, maak nie saak of dit met politiek, ekonomie of kultuur te doen het nie. Of Hy wel hier is of nie, mens kan Hom blykbaar doodswyg, jy kan jou gang gaan asof Hy nie bestaan nie.

Dit is wat dan ook op groot skaal gebeur. Kan u die versoeking aanvoel? As dan in *hierdie* tyd die vraag gestel word, hoe dit moontlik is dat daar in die kerk soms so maklik met die gelofte omgegaan word, dan dink ek dat dit te doen het met die God-op-'n-afstand-mentaliteit.

Die vraag wat vervolgens gestel moet word, is in hoeverre ons ons inspan om hierdie versoeking in die praktyk van ons lewe te weerstaan. Teoreties gesien lê die antwoord voor die hand: waar die wêreld oor God swyg en sy gawes ook stilswyend as normaal aanvaar, sal ons juis daarvoor moet sorg dat God se Naam heel spesifiek genoem word. Ons sal Hom moet dank en dan nie net in ons gebed op vaste tye nie, maar ook so dat dit 'n manier van praat word - met mekaar, in die kerklike lewe, in die gesinslewe en as dit enigsins moontlik is ook buiten toe.

Nogmaals, teoreties gesien lê dit voor die hand om op so 'n wyse God se nabyheid in die daaglikse lewe te benadruk, as antwoord op die sekularisasie (Verwêreldliking). Maar wat sien ons daarvan *in die praktyk*?

Gelukkig kan ons mooi dinge daarvoor vertel, maar

**Ons gevoel is altyd met sonde bevek,
daarom moet die volmaakte Woord van God
(en nie ons gevoel) die leiding in ons lewe hê**

- P Groenenberg

ook baie hartseer dinge. Daar is ongelukkig in Christelike kringe nog baie stilswyendheid. Daar is al baie hierop gewys. Ek gaan dit nie nou alles herhaal nie, want hier wil ek konsentreer op een aspek, naamlik: As God nie *in ons daaglikse lewe* genoem word nie, skep ons die indruk dat Hy ver weg is, met alle gevolge hiervan...

Dan kan 'n mens dalk vinnig vingerwys na die een wat sy woord breek en hy kan dan sekerlik ten volle verantwoordelik gehou word. Maar mens kan nie die vraag ontken in hoe 'n mate ons saam sorg dra vir 'n klimaat waarin so iets maklik kan gebeur nie.

Hierdie vraag is belangrik genoeg om nog 'n bietjie nader op in te gaan. Dit lei vanself van die een ding na die ander.

Ons sê 'ja' in die geloof

Die wat 'ja' sê voor God en sy gemeente, spreek in geloof. Dit kan nie anders nie. Maar wat is geloof? Daardie vraag blyk nogal moeilik te wees. Ek stel die vraag gereeld tydens katkisasie en ander gespreksgroepe en dan tref dit my hoe moeilik dit blykbaar is om dit te omskryf.

'Is dit nie 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue nie?' 'Dit is so, maar vertel bietjie wat jy daarmee bedoel?'

(pouse)

'Ek glo vas aan dit wat in die Bybel staan.'

'En waarop vertrou jy?'

'Ek vertrou dat die Bybel waar is.'

'Lees jy self in die Bybel?'

'Partykeer....'

Hoe afsydig klink dit nie! Die geloof word omskryf sonder dat God se naam selfs maar een keer genoem word....

Dan sal ons verder in die groep hieroor praat en dink en gelukkig kom ook dan saam ook veder hierin. 'Geloof is om jou hoop op God te stel, te verwag wat Hy belowe; dit is ook om na Hom te luister en aan Hom gehoorsaam wees'.

Mooi so.

Maar ek wag nogsteeds op èn spesifieke woord. Een woord wat gelukkig steeds meer bekend raak: geloof is om *God lief te hê*. Is dit nie waarvan die

Bybel volstaan nie, dat die Here vra na die liefde van ons hart? Dit is selfs die grootste, eerste gebod in die samevatting van die wet: God liefhê bo alles. Daaruit ontstaan die gehoorsaamheid.

Die merkwaardige is egter, dat die eerste antwoord vrywel 'n letterlike aanhaling uit die Kategismus is: 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue' (Sondag 7).

As jy wil hê dat iemand sy gelofte sal nakom, is dit dan nie die heel belangrikste dat die inhoud van die gelofte volkome duidelik is nie?

Daardie sin het wel in die gedagtes opgekom, maar blykbaar as 'n geykte term, sonder dat die betekenis daarvan verstaan word. Dat hiermee *liefdevolle* kennis bedoel word, kom dan nie in die gedagtes op nie.

Tog is dit maar net 'n voorbeeld. Wat ek hiermee wil sê is dit: ons (geloofs)lewe ken meer van daardie 'geykte terme', waarvan die inhoud onvoldoende of glad nie besef word nie.

Laat my toe om dit toe te spits op die ja-woord tydens die aflegging van belydenis van geloof. As ek vra na die betekenis van die aflegging van die geloofsbelydenis, kry ek van my oudste katkisante partykeer die volgende antwoorde: Een sal sê: 'Ek neem my doop vir my eie rekening'. 'n Ander omskryf dit so: 'Ek wil antwoord gee op my doop'. Is dit nie gevelede gesegdes nie?

Omdat hulle hierdie antwoorde klaarblyklik nie self uitgedink het nie, vra ek vervolgens wat hulle daarmee bedoel. Dan blyk dit dat nommer 1 glad nie kan verduidelik wat hy bedoel het nie. Hy het iets gesê wat hyself glad nie verstaan nie, maar sommer net so onthou het.

Maar wat sou hy as verklaring kon gesê het? Ek sal nie weet nie. Hoe kan mens in elk geval jou doop vir jou eie rekening neem? Dit is mos onmoontlik? Die doop wil juis uitbeeld dat God ons lewenslank vir Sy rekening neem. Hy betaal vir ons en neem die sorg vir ons op Hom.

In die Skrif word die doop vergelyk met die sondvloed en die Skelfsee. Mense is reeds en gaan

**Wat waar is, is wetenskaplik –
ook al beweer die ganse wêreld en sy wetenskap
die teendeel**

- H Bavinck

nogsteeds deur die water heen gered word. Maar het Noag toe die sondvloed vir sy eie rekening geneem, en Israel die Skelfsee?

Tog is die term 'die doop vir jou eie rekening neem' onder ons 'n gevleuelde woord, let wel *as omskrywing van die aflegging van belydenis van geloof*. As jy wil hê dat iemand sy gelofte sal nakom, is dit dan nie die heel belangrikste dat die inhoud van die gelofte volkome duidelik is nie?

Nommer 2 het gesê: 'ek wil antwoord gee op my doop'. Dit klink baie beter. Maar ook dit het geblyk 'n geykte term te wees, waaroor daar nie regtig verder nagedink is nie.

Ek het dit toe in my eie woorde geformuleer. Ek het verduidelik, dat die ja-woord op die geloofsbelydenis vergelyk kan word met met die ja-woord op 'n troudag: dit is 'n 'ja' van liefde, van trou en toewyding vir jou hele lewe.

Maar laat ons nou ook maar 'n slag die lig laat val op wat ons self belowe deur van die brood te eet en uit die beker te drink

Die 'antwoord op jou doop' gee jy dan nie net op daardie een oomblik nie, maar jy gee dit voortdurend, dit is die keuse van jou lewe.

My ervaring is, dat as jy hierdie dinge begin verduidelik, menige katkisant nog 'n jaartjie langer katkisasie sal wil bywoon. Dit is 'n goeie saak.

Maar ek is bewus daarvan dat daar ook anders oor gedink word. Dit gebeur ook dat daar katkisante is wat, sodra hulle 18 jaar oud is, oor die drumpel heen gehelp word na die belydeniskatkisasiegroep. Hulle het immers die regte ouderdom en God wag vir hulle, so word daar gesê. Maar vir my gevoel is dit 'n bietjie dik vir 'n daalder, veral vir *hierdie keuse in hierdie tyd*.

Wat 'n hoogtepunt in die lewe is, mag ook as sodanig ervaar word. Dit mag dalk meer voorbereiding kos, maar op hierdie manier probeer mens tenminste voorkom dat die ja-woord wat eendag gegee is, nie sommer vinnig in 'n nee sal verander nie. Maar dis nog nie al nie.

Hoe baie sê ons 'ja'?

Ons nader nou 'n klimaks. Want wat vir my baie opmerklik is, is dat ons dit vir onself in ons kerklike lewe so onduidelik gemaak het hoe baie ons 'Ja' vir God sê.

Hierbo het ons gepraat oor die doop, maar laat my nou toe om ter illustrasie iets te sê oor die viering van die nagmaal. As ek na die betekenis hiervan vra, hoor ek so te sê in alle antwoorde die taal van die Kategismus: dit is 'n sakrament, God beeld uit en verseël, by brood en beker ontvang ons ons Here Jesus Christus wat vir ons gesterf en opgestaan het. Dit is alles goeie antwoorde.

Maar wat, in die lig van ons onderwerp, *ontbreek* in al hierdie antwoorde? Hier ontbreek dat die viering van die nagmaal na sy aard wedersyds is. Die (kinder)doop wys na die sluiting van God se verbond, eensydig. God is dit wat die begin maak. Maar die nagmaalsviering is keer op keer verbondsvernuwing, dus tweesydig!

God gee en verseël, dit is goed onder woorde gebring. Maar deur by die tafel te gaan aansit gee ons ook, naamlik onself. As vrug van die Heilige Gees vertrou ons ons lewe toe aan die Here, ons lê dit in sy hand, ons toewyding lê daarin dat ons sy werke bevorder.

Daar is nie 'n meer plegtige 'ja' as dit nie! *Maar as sodanig word dit volstrek nie genoeg beseef nie*. Juis omdat ons hierdie gelofte-aspek van die nagmaalsviering dikwels nie meer raaksien nie, kom daar vandag opnuut die vraag na vore hoekom die kinders eintlik nie mag deelneem nie.

Hoekom mag hulle wel die doop ontvang, maar nie aan die nagmaal aansit nie? Dit is party mense se eensydige siening van die nagmaal: "God skenk, God verseël". Dit is tiperend van ons manier van praat: "God is betroubaar, sy beloftes is seker en staan vas". Jy hoor dit baie en dit mag ons sekerlik bly maak. Dit is die basis van ons lewe, daar is nie 'n ander fondament nie. Moet my nie misverstaan nie!

Tog kan ons met hierdie woorde wat ons bly maak, eensydig besig wees. Jy kan so baie oor *God* se beloftes (hoor) praat, dat jy te min aandag skenk aan jou *eie* belofte. Dit is dan wanneer daar in ons lewe

Die Bybel leer ons nie in die eerste plek om iets te onderhou nie, maar om van iemand te hou

- A de Snoo

'n soort dubbelheid plaasvind.

God se Woord is betroubaar (laat niemand dit in twyfel trek nie!) en staan in die middelpunt. *Ons* woord daarenteen staan in die skadu, kry minder aandag want dit kom nie so goed vorendag nie.

Maar is dit dan nie van die hoogste belang, as ons wonder hoe maklik die geloftes aan God gebreek word en wat ons daaraan sou kon doen, dat ons weer daarvoor sal sorg *dat die oomblikke waarop ons geloftes maak, duidelik aangegee word nie?* En vervolgens, dat ons op daardie oomblikke *duidelik aandui hoe belangrik ook ons geloftes is?*

Dink weereens maar net aan die nagmaalsformulier. By die onderdeel van die selfondersoek word veral ons eie gesindheid onder woorde gebring. Maar laat ons nou ook maar 'n slag die lig laat val op wat ons self belowe deur van die brood te eet en uit die beker te drink.

'Ja' en 'amen' kenmerk die erediens

En dan nog 'n saak, wat hierby aansluit. Hoe gereeld sê ons 'ja' vir God? Immers tydens elke erediens? As God ons begroet met genade en vrede, sê ons 'amen'. Wanneer God ons sy gebooie voorhou, sê die gemeente 'amen'. Net soos by die Ebal en die Gerisim (Deut. 27). Daar is God se verbondswoorde hardop uitgespreek en die hele volk het telkens 'amen' gesê.

Op daardie manier het hulle 'ja' gesê, het hulle aanvaar wat daar gesê is om hulle daaraan te bind. Dit is hoe die gemeente vandag 'ja' sê, wanneer God se woord in die kerkdiens gelees en verkondig word.

Op hierdie manier kry ons elke week 'n vernuwing van God se verbond met ons. Daarin lê die betekenis van die erediens. Elke keer weer is daar die 'ja' van God tot ons en die 'amen' van die gemeente tot God. 'Ja' en 'amen' is liefdeswoorde, juis daarom moet hulle telkens herhaal word. As dit nie gebeur nie, bloei die liefde dood. Maar wat het *ons* gedoen?

Ons het daardie 'amen' vir *die predikant* gegee en sodoende het ons dit volledig van sy betekenis beroof. Nou verstaan niemand meer wanneer die

dominee 'amen' sê, *dat die gemeente hom daardeur verbind aan die verkondigde woord of dat hulle hul afhanklik maak van die uitgesproke seën nie.* Niemand sal dit sommer self uitdink nie.

Want die 'amen' is in ons praktyk geen antwoord meer nie. Die gemeente, wat veronderstel is om dit te sê of te sing, hoor die predikant 'amen' sê op sy eie preek. Op hierdie manier het 'n baie belangrike gelofte-oomblik *onherkenbaar* geword!

Daar het by ons maar min oorgebly van die plegtige en deurdagte 'amen' wat tussen die Ebal en die Gerisim weerklink het. Maar ons hoef dit nie meer te sê nie, net die dominee...

En as dit ons gewoonte op 'n Sondag geword het, is dit immers nie snaaks wanneer die deurwerking van die ja-woord op weeksdag nog bietjie vinniger wegslyt nie! Egte liefde het sy bestaan in die daaglikse lewe. Met die oog daarop word dit elke Sondag deur God gevoed, en lê ons ons geloftes af. Dit wat op 'n Sondag nie meer ondervind word nie, word deur die week nog minder ondervind. Dit is immers voor die hand liggend...?

As ons nog bietjie verder daarvoor nadink, moet ons eintlik konstateer dat ons omgang met die liturgie danig ly aan 'n dosis gewoontevorming. Ons doen dinge op 'n manier wat ons self nie meer verstaan nie.

Dit is my bedede dat ons oor hierdie dinge 'n slag hardop en openlik kan nadink, sonder dat dit spannings veroorsaak. Ons moet juis bekommerd wees oor die gemak waarmee die geloftes aan God gebreek word. Ons moet daaraan werk na ons vermoë. Maar laat ons dan hier begin, by *die aflegging van die gelofte*.

As daardie aflegging sonder genoegsame oordenking plaasvind of soms selfs onbewus (...!), is dit mos nie snaaks dat die gelofte partymaal nie so duursaam is nie?

**Believers exist for God's sake – that is,
so that the entirety of their lives reflects his beauty”**

- TR Schreiner

Vraagtekens by die vra na 'n teken

G Gunnink

In die pers het iemand onlangs iets geskryf oor God se leiding. Die skrywer het ruimte daarvoor gesien om God in bepaalde omstandighede te vra vir 'n teken. As jy jou in 'n baie lastige situasie bevind en jy regtig nie meer 'n ander uitweg sien nie, dan is dit sins insiens moontlik om 'n teken van die Here te vra. Dit is dan nie uitgesluit dat God jou op so 'n manier hulp bied by die neem van 'n moeilike beslissing deur die gevraagde teken te gee nie.

Dit is 'n gedagte wat jy in die Gereformeerde kerke weinig aantref, maar wat jy daarbuite meer gereeld teëkom. Sommige gelowiges praat baie oortuigend oor die dinge wat die Here aan hulle duidelik gemaak het, deur middel van 'n 'teks' wat hulle gevind het of omdat die Here daadwerklik ingegaan het op die vraag na 'n teken. Het God se kinders in Bybelse tye nie ook soms aanwysings gekry wat onmiskenbaar God se wil duidelik gemaak het nie...?

... dat die tekens in die Bybel nêrens die funksie gehad het om probleem-oplossers te wees nie.

Hierdie gedagte het iets aantrekliks. Wat sal nou mooier wees as om te kan sê: ek is 100% seker dat ek reg is, want God het self vir my die knoop deurgehak ...?! Tog kan ons groot vraagtekens daarby plaas. En nog meer as dit: Is die vraag vir 'n teken regtig 'n vraag? Iemand het eendag aan my vertel dat hy twee moontlikhede aan die Here voorgehou het om duidelikheid te verkry oor 'n bepaalde kwessie. Indien 'n vriend van hom positief sou reageer op sy vraag, dan sou hy dit interpreteer as 'n goddelike 'ja'. Sou die man egter negatief antwoord, dan was dit outomaties die teenoorgestelde. En dit dan ... deur die Here gegee!

Dit het volgens my min te make met die stel van 'n vraag. Jy dwing die Here om 'n uitspraak, op

watter manier dan ook al, te maak. Jy as mens bepaal vóór die tyd wat die teken is en hoe dit verklaar moet word en bind die Here vervolgens aan jou willekeur.

Tekenvraers gaan nie altyd so ver nie. Maar in ander gevalle vergeet hulle dat die tekens in die Bybel nêrens die funksie gehad het om probleem-oplossers te wees nie. Hulle word nie gegee om in onduidelike situasies 'n deurbraak te forseer nie. God het aan swak mense tekens gegee om die duidelikheid wat Hy réeds gegee het, nog 'n slag te bevestig. Tekens is nie 'knoop-deurhakkings' nie, maar Woord-versterkers. Toe Gideon in die nag 'n velletjie van wol op die dorsvloer neergesit het, het die Here sy wil bekend gemaak en toe hét Gideon alreeds 'n leër op die been gebring.

Die gevolg van die vraag na 'n goddelike vingerwysing is: die besluit wat geneem is kan nie verkeerd wees nie. Die menslike, feilbare besluit word bo alle kritiek verhef, jy maak dit onaantasbaar. God het gespreek, nou moet elke mens swyg. Waar mense tekste en tekens kry, gaan dit al gou van ootmoed na hoogmoed.

'n Mens kan in uiters moeilike beslissingsituasies beland. Jy kan smag na meer duidelikheid aan die kant van die Here. Die Bybelskrywer Jakobus het begrip vir iemand wat tekortsiet in wysheid. Jakobus skryf aan hulle voor om nie vir God voor te skryf nie. En ook om geen ander wysheid te soek as in die weg van gelowige gebed nie. Hierdeur wil God ons verstand reinig om dit goed te kan gebruik in ons beslissings.

'..en dit sal aan hom gegee word.' (Jak. 1:5)

By hierdie belofte kan ons 'n uitroepeteken plaas.

God se skepping – ons omgewing

AP Feijen

Die ryk braamplukker

Godfried Bomans het die sprokie geskryf van "Die ryk braamplukker". Hierdie man het in die bos gewoon. En hy het ryk gevoel: elke oggend was die gras vol pêrels, het hy geniet van die blou plafon

**Agter die oordeelsprofesieë van die profete
lê nie God se wil tot vernietiging nie,
maar God se wil tot vernuwing**

- HGL Peels

met bewegende mosaïek, hy het tussen pragtige suilgange gewoon; die mooiste vir hom was die solosanger wat vir ongelooflike optredes gesorg het.

Toe hy dit 'n slag aan 'n ontdekkingsreisiger vertel, gaan laasgenoemde reguit na die stad. Hy vertel wat die braamplukker aan hom gesê het en al die mense kom toe saam om in die rykdom te deel. Die braamplukker was bly toe die mense in die bos aankom, nou was daar meer mense om al die mooi dinge te geniet.

Die volgende oggend was die ontrafeling; die pêrels was die doudruppels, die blou met bewegende mosaïek was die hemel met al die wolke wat verby gly, die suilgange was die bome in die bos, die majestueuse sanger was, in die woorde van die mense van die stad, “'n eenvoudige nagtegaal”. “Ons is bedrieg!” het hulle geroep en hulle het die ryk braamplukker opgehang.

Die braamplukker was nie verkeerd nie; dit was maar net dat die mense uit die stad nie kon sien hoe mooi al hierdie dinge was nie. Die braamplukker kon die skoonheid raaksien, hy kon daarvan geniet.

Oop oë

So is dit in God se skepping: jy moet dit raaksien, oog daarvoor hê. Met oop oë rondkyk in God se skepping. Dan sien jy die Maker.

Al eeue voordat die groen golf van natuurbeheer en omgewingsversorging oor Wes-Europa geslaan het, was daar 'n dominee wat die mense se aandag daarop gevestig het: Guido de Brès. Die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelijdenis het die volgende (vry vertaal) in artikel 2 gesê: Wie sy oë in die skepping, in die natuur, goed oophou, sien 'n kunswerk. Want alle skepele wat jy dan waarneem, is soos die letters van 'n pragtige boek.

Toe De Brès die skepping met 'n boek vergelyk het, het hy nie aan 'n sakboekie gedink nie, ons moet eerder dink aan pragtige Statenbybels, boekwerke wat met sorg saamgestel is.

Die Skrifbewyse onderaan Art 2 van die NGB is op hierdie punt baie beperk. Daar

word slegs na Psalm 19:2-5 verwys: die skepping sê (vertel, verkondig) alles oor die Skepper.

Daar is meer Bybelgedeeltes wat hiervoor van betekenis is. Hebreërs 11:3 noem die skepping en wys daarmee terug na Genesis 1. Vanselfsprekend, want Genesis 1 vertel van die druk van die “boek van die natuur”. Dit was baie goed.

Dat die skepping wys op die Skepper, vind ons ook in sogenaamde natuurpsalms; Psalm 8, 104, 147, 148. Ook die laaste hoofstukke van Job (38-41) lê so 'n duidelike verbintenis tussen die Skepper en die skepping, dat elkeen wat met kennis van die Bybel die natuur bekyk, die hand van die Maker sien.

Die voorwaarde moet wel bykom: kennis van die Bybel is nodig om die Skepper te ken. Calvin het hieroor pragtige dinge gesê, wat tot vandag bekendheid geniet. Hy het die Bybel die bril genoem. As jy die bril dra, is jy in staat om die boek van die natuur te lees. Sonder kennis van die Bybel sien jy slegs dat daar iets staan. Maar wat daar staan, is slegs te sien as jy die bril – die Bybel – opsit. Die taal van die boek van die natuur kan die mens nie verstaan as hy die boek sonder bril lees nie. Wie slegs met 'n verkyker die natuur ingaan, sien ondanks die hulpmiddel, nie wat die gelowige deur die bril van God se Woord wel opmerk nie: die Skepper.

**Die diere sal “agterkom”
dat hulle te doen het
met die onderkoning
van die Skepper**

Voorskrifte in die Bybel

God se liefde vir Sy skepping blyk uit die Bybelgedeeltes wat hierbo genoem is. Dit blyk ook uit die gedeeltes wat, om dit dan so te sê, baie direk is. Die Here gebied die mense om op 'n bepaalde manier om te gaan met wat Hy gemaak het. Hieronder volg 'n paar gedeeltes uit die Bybel waar uit dit na vore kom. So byvoorbeeld:

- Barmhartigheidsbepalings vir diere in die natuur (Deut. 22: 6, 7).
- Barmhartigheidsbepalings vir landboudiere

**Daar is vir die kerk niks gevaarliker as selfverdediging
vanuit 'n gevoel van selftevredenheid nie**

- C Hattingh

(Deut. 22: 10, 25: 4). Dink ook aan die vee wat in die sabbatsgebod genoem word.

- Bepalings wat matigheid wil leer in die gebruik van wat in die skepping beskikbaar is (Lev. 25: 1-22, Deut. 20: 19-20).

In hul roep “bely” die diere hul afhanklikheid van ... God. So eer hulle Hom.

Wie God in Sy sorg vir die skepping ken (Luk. 12: 6, Ps. 147: 9), sal op hierdie aarde “beeld van God” wil wees. Veelseggend is hierin ook die bekende teks in Spreuke 12: 10: “Die regverdige ken die natuur van sy dier”.

Ons vind hierdie voorskrifte in die Ou Testament. Ons sê dat ons hierdie bepalings nie meer moet handhaaf nie, omdat Christus gekom het (sien artikel 25 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis). Maar dieselfde artikel 25 sê dat ons die bepalings nog as aanwysings kan gebruik om ons lewe in te rig.

Die bedoeling van God is duidelik. Die lewe in die skepping (plante en diere) mag gebruik word, maar dit mag nie uitgeroei en uitgeput word deur die mens nie. Die les wat ons hier vir die inrigting van ons lewe leer, is beheersing. Geen uitputting, geen verbruik ten koste van natuur en omgewing nie. En diere het die reg om deur die beeld van God so behandel te word, dat hulle “agterkom” hulle het te doen met die onderkoning van die Skepper.

Die Skepper en die skepsele

Liefde, waardering, respek, sorgvuldigheid. Dit is woorde waarmee die houding wat die mens teenoor die skepping moet inneem, gekenmerk kan word. Daarin vertoon die mens die beeld van sy God. So behoort die mens om te gaan met die skepsele. Terselfdertyd hou dit in dat hy daarmee *mag* omgaan. Ons wil nou laasgenoemde beklemtoon.

Die groen golf van natuur- en omgewingsbeheer het ook baie invloed op die religieuse denke. In die New Age kringe kom ’n mens ’n vergoddeliking van die natuur teë. Maar ook binne die Christendom is daar denkrigtings wat die

natuur vergoddelik. Die onderskeid tussen Skepper en skepsel verdwyn dan, en die enigste wet wat oorbly is: hou jou hande af van die goddelike natuur. ’n Mens sou kon praat van ’n “groen teologie”. Dit is, kort gesê, ’n vorm van afgodediens. Die natuur is nie God nie en moet nie vereer word nie. Ons eer God, die Skepper, in ons bewondering vir die natuur. Die natuur, God se pragtige skepping, prys God.

Hier kan weer verwys word na Psalms 8 en 147. Daar lees ons dat God nie deel word van die skepping nie, Hy staan daarbo. Hy hoor die roep van die jong rawe (Ps. 147: 9). Die kaal (en daardeur lelke) kuikens bly nie in lewe omdat hul ouers voedsel soek nie, maar omdat die Here na hulle luister. In hul roep “bely” hulle hul afhanklikheid van ... God. So eer hulle Hom. In hierdie versorging sien jy dat God nie deel is van die natuur nie, maar daarbo staan. Die skepping is dus daar tot Sy eer.

’n Paar bybelgedeeltes hieroor:

In Psalm 148 kry verskeie skepsele die opdrag om die Here te loof. Jesaja 40:26: Alleen al deur haar bestaan, eer die skepping haar Maker. Kolossense 1:16: “alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape”.

Ons sal apart aandag moet gee aan die mens. Die mens loop op hierdie aarde rond met die duidelike opdrag om God te eer. As wese met ’n verstand, in staat om God te ken, het die mens soveel meer die opdrag as die ander skepsele. Maar hoe is die mens se plek dan in die skepping? Watter houding moet hy teenoor die natuur inneem om sowel die natuur as homself te laat bestaan tot God se eer?

Uit die Bybel blyk dat die mens die skepping mag gebruik. Bogenoemde tekste oor ’n voël met eiers en ’n dorsende os wys dat die eiers geëet mag word en dat ’n os (’n gekastreerde stier!) as landboudier gebruik mag word. Vanaf die allereerste begin mag die mens homself vegetaries voed (Gen.1:29, 2:17, 3:2). Later lees ons ook van die goddelike toestemming om vleis te eet (Gen. 9: 2-3). Daaruit blyk dat die natuur nie alleen regstreeks daar tot eer van God is nie. Die mens wat bewus lewe tot God se eer, mag die natuur gebruik. So dra die skepping ook indirek by tot God se eer (vgl. art. 12 NGB).

In everyone of us
there remains more than a little
of the Pharisee

- JA Fitzmyer

Beheer

Uit die tekste genoem in voorafgaande gedeeltes blyk dat die mens verantwoordelik moet omgaan met die skepping. Vanaf die begin was dit sy opdrag (lees Genesis 1: 26-28 en 2: 19b-20a).

Maar hoe gaan ons nou konkreet om met hierdie opdrag? Hoe gee ons in ons eie lewe gestalte aan die opdrag om verantwoordelik om te gaan met die skepping? Mag jy vir ontspanning visvang? Skepsele van God opoffer? Is 'n woord soos "plesierjag" in die lig van die Bybel nie 'n bespotlike term nie? (Uitdunning is die noodsaaklike skiet van wild, om watter rede ook al, maar "plesierjag" is die skiet van diere slegs vir die genot van die mens). Aan die ander kant, 'n mens moet ook nie te puriteins wees nie. Die lesers kom wel agter dat hier vir my vrae lê – ek sou sê: kom ons dink saam verder oor hierdie dinge!

Onlangs was daar in 'n tydskrif 'n artikel oor die pragtige balans in die natuur op die Noordpool. Die grond is altyd bevries. In die somer (Junie-Augustus) is slegs die boonste vyf-en-twintig sentimeter ontdooi. Daaronder is die grond permanent gevries. Die water kan nie daardeur wegsak nie. In die stilstaande water ontwikkel miljarde larwes hulle tot insekte. Daardeur broei daar miljoene voëls in die gebied, want hulle kan net hul snawel oopmaak om asem te haal en hul maag is vol. Omdat die son in die somer nie in hierdie gebied onder gaan nie, kan hulle letterlik dag en nag eet. Wat 'n ramp as die klimaat warmer word en die gevriesde ondergrond ontdooi. Die water sypel weg, geen insekte, geen voëls. Wit bladsye in die boek van die natuur.

Dit laat iets sien van die verantwoordelikheid van die mens. Ware Christene laat die sorg vir omgewing en natuur nie oor aan die omgewingsfanatici nie. Hulle besef dat daar 'n verskil is tussen misbruik en gebruik. Die broeikas-effek moet ons wel deeglik besig hou. Is ek verkeerd as ek sê dat ons verantwoordelikheid miskien groter is as wat ons partykeer dink?

Tussen Psalm 8 en Romeine 8

Psalm 8 vertel ons van die heerlike Naam van die Here in die skepping: die hemel, die maan en die

sterre is 'n kunswerk. Daarin het die mens 'n besondere plek: "U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal en ook die diere van die veld". Hierdie woorde laat 'n mens sommer gou goed voel.

Maar daar is ook 'n ander sy. Dit staan beskryf in Romeine 8. Vers 19 sê dat die skepping wag met reikhalssende verlanse, omdat (vers 22) die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is. Dit lyk of die skepping slegs die ritme ken van: geboorte – lewe – sterwe. Dit is "vrugteloos", soos Paulus sê in Romeine 8. Gevolg van die mens se sondeval. As 'n diere 'n normale lewe van geboorte – lewe – sterwe sou ken, sou daar baie minder vrae op ons afkom as wat nou die geval is. Daar is sulke geweldige probleme in ons samelewing as ons kyk na die mens en sy omgang met God se skepping. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Uitgestorwe diere en plante kla die mens aan. Die mens dra die skuld vir die wit bladsye in die boek van die natuur.
- Die dreiging dat nog baie meer soorte sal uitsterf, is nie iets waarby 'n Christen skouerophalend kan verbyloop nie. Laat ons hierby ook dink aan oormatige vissery, viskwotas en die diskussies daaroor.
- Allerlei dieresiektes dwing ons om onself af te vra of ons nie te ver aanspraak gemaak het op die diereryk nie. Maar nog meer, dit laat die verskrikking van die sondeval sien. Dit demonstreer iets van die vrugteloosheid, die versugting en die barensnood.

Die mens dra die skuld vir die wit bladsye in die boek van die natuur.

Die mens het die natuur saamgesleep in sy val. Deur die sonde van die mens het daar tallose diere in die sondvloed verdrink – die eerste keer dat ons iets merk van die probleme wat die mens deur sy sondeval aan die skepping besorg. Ons staan eeue daarvan af - die mens het intussen veel meer moontlikhede - maar die probleme wat dikwels by genetiese manipulasie (= die verandering van erflike eienskappe) voorkom, het in wese dieselfde basis:

Niks is in werklikheid ooit afhanklik van geld nie, want ons is afhanklik van die God wat alles in hemel en op aarde besit

die mens is God se onderkoning wat hier namens sy Meester moet beheer (Ps. 8), maar wat nie daartoe in staat is nie (Rom. 8). Dit is nie maar net die verbruikersmentaliteit of die wetenskapsdrang wat die mens probleme in die omgang met die diereryk besorg nie. In al hierdie sake sal ons ook as Christene belydenis van ons sondes moet doen.

Gelukkig is dit nie die laaste wat ons moet sê nie. Paulus sê in die gedeelte van Romeine 8 ook dat die skepping met reikhalssende verlange wag op die bevryding van die verganklikheid. Die skepping sal bevry word. Volgens Karl Barth moes hierdie teks in vlammende skrif bo elke slagpaal, jaghut en laboratorium aangebring word. Die bedoeling is duidelik: ook die diereryk moet verlos word. Dit sal ook gebeur. Die natuur merk die gebrokenheid waarin ons leef. Omgewingsprobleme en bedreigde natuur het gekom mét die sondeval van die mens.

Dit beteken nie dat ons passief moet word en niks moet onderneem nie – in teendeel! 'n Christen ken ook hier sy opdragte. Dit is goed om hier die sondeval ter sprake te bring, omdat dit dan des te duideliker is dat die werk van Jesus Christus vir die hele skepping van betekenis is. Hy verlos ook die diere- en planteryk van die verdriet en die verganklikheid.

GB-nuus

Waar is Tuvalu? Uit statistieke op ons webwerf kon ons sien dat daar artikels van die Gereformeerde Biblioteek afgelaai is in Tuvalu. Geen idee waar dit kan wees nie... In alle nuuskierigheid het ons gaan soek, en... dit gevind! Aan die oostekant van Australië is daar 'n groep eilande met die gesamentlike naam van Tuvalu. Duidelik is daar Afrikaners op hierdie eilande en kon die Gereformeerde Biblioteek hulle hopelik help in hulle lewe met die Here. Ons is dankbaar dat ons artikels Afrikaners wêreldwyd vind. Ons het byvoorbeeld ook kontak gekry met 'n predikant in Namibië (Ds. Prinsloo). Daar is nog baie Afrikaansprekendes in ons buurlande wat saam met ons die goeie stryd stry! Mag die Here ook hierin ons nog ver en wyd gebruik.

Verder is ons bly om te noem dat ons hierdie maand 100 nuwe artikels op die webwerf kon laai. Ons bedee is dat ons werklik kan groei tot 'n biblioteek wat op 'n baie wye verskeidenheid van onderwerpe rigting kan gee in ons lewe met die Here.

Ons hoor in hierdie verband ook graag van ons lesers indien daar enige voorstelle of maniere is waarop ons van hulp kan wees. Miskien is dit ook 'n idee om die GB in julle plaaslike gemeente-blad bekend te stel? Ons begeerte is dat ons as gereformeerdes sal saambou aan 'n biblioteek, sodat elke huis toegang sal hê tot gereformeerde literatuur.

Fees in die nuwe Jerusalem (Nehemia 11 en 12)

C van den Berg

Kort situasieskets

Hoofstuk 10 het gehandel oor die sluit van 'n verbond. 'n Verbond om saam die HERE te dien en in alles te lewe volgens die wet van Moses. Dit is nie slegs die leiers wat dit belowe nie, maar ook die manne en vroue. Ook die seuns en meisies besef wat dit beteken.

Almal belowe trou aan God en sy Woord. In elk geval almal wat hulle afgeskei het van die ander volke wat daar gewoon het (Neh. 10:28). Afgeskei van hulle wat nie by Israel behoort nie ('van hulle wat nie aan die kerk behoort nie' artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis).

So 'n verbondssluiting is baie indrukwekkend. Met plegtige beloftes en ja-woorde van trou. 'n Pragtige begin van 'n lewe met God in 'n nuwe Jerusalem.

Oppad na 'n blye Jerusalem

Hoofstuk 11 bevat weer heelwat name. Alles name van konkrete mense van daardie tyd. Ons lees nie 'n sprokie of legende nie. Ons lees geskiedenis deur God self geskryf. Dit is alles name van Israëliete: mense wat toe aan God se volk behoort het.

Ons lees nie 'n roman met as hoofkarakter die man Nehemia nie. Ons lees 'n boek waarin God hom bekend maak en aan ons toon wie Hy is en hoeveel Hy van sy volk en van Jerusalem hou en hoeveel Hy vir hierdie stad gedoen het. Jerusalem is sy stad. Hy

**Christus is die bron,
maar ook die einddoel van geestelike groei**

- L Floor

maak iets moois daarvan. Daar is slegs één stad wat altyd sal bly bestaan: dit is Jerusalem.

Die Jerusalem onder Nehemia toon dit reeds aan ons, maar nog nie alles nie. Ons sal eers alles sien in die hemelse Jerusalem. Die wêreldstad van die groot toekoms. Die stad het 'n hele nuwe hemel en aarde nodig. Ons gaan dit vandag of môre meemaak dat die stad voltooi word. Net soos in daardie tyd onder Nehemia. Dan kom daar 'n fees, 'n gróót fees.

'n Halfleë stad

Het u al 'n stad met 'n leë hart gesien? In Rotterdam (Nederland) staan 'n standbeeld. 'n Man in diep ellende met sy arms omhoog gelig. Op die plek waar sy hart moet wees, is 'n gat. Die hart is weggehaal. Die beeld staan daar ter herinnering aan die Tweede Wêreldoorlog. Mei 1940 is Rotterdam gebombardeer. Op foto's kan mens sien hoe vreeslik die middestad gelyk het. Alles was stukkend.

So was dit ook met Jerusalem. In die tyd van Nehemia was dit nog duidelik te sien. Die mure was klaar. Die mense was veilig agter dik mure. Maar dit is nog nie voldoende nie. Daar is nog leë wyke en strate; onbewoonde huise wat nie gerestoureer is nie. Nogsteeds gehawend en stukkend van die ondergang van Jerusalem af.

Wat beteken nuwe mure as die binnekant nie klaar is nie? Wat beteken stewige mure sonder voldoende inwoners daaragter? Mense wat die stad kan verdedig indien nodig? 'n Stad wat half leeg is, is nie goed nie.

God se stad het mure, maar nie genoeg inwoners nie! God woon daar, maar daar woon nie genoeg van God se kinders nie. Wie wil in die nuwe Jerusalem woon? Dit was 'n probleem. 'n Probleem wat in Nehemia 7:4 en 5 al aandag gekry het.

Jerusalem kry inwoners (vers 1-2)

Daar kom 'n oplossing vir die bevolkingsvraagstuk. Die nuwe Jerusalem kry burgers. Hulle kom op twee maniere:

1. Hulle wat vrywillig in Jerusalem gaan woon;
2. Hulle wat deur die lot aangewys word om in Jerusalem te woon.

Oor eersgenoemde sê vers 2 die volgende: *'En die volk het al die manne geseën wat hulle vrywillig aangebied het om in Jerusalem te woon.'*

Daar is 'n groot verskil tussen binne of buite Jerusalem woon. U kan uself die keuse indink: om in die somer op 'n plat dak te sit sonder 'n mooi uitsig óf om in 'n mooi, groen tuin te sit! Ek dink dat dit nie so aanloklik was vir sommige mense om Jerusalem toe te trek nie. Miskien was dit vir ander mense ook nie prakties nie. As jou werk buite Jerusalem was, sou jy tog liewers ook nie in Jerusalem gewoon het nie? Elke oggend en aand 'n hele ent werk toe loop, na jou akker of jou wingerd...

Tog het hulle dit gedoen. Hulle het dit oor gehad vir die stad van God. "...en om Gods huis, my hoogste skat, soek ek vir jou die goeie, o skat ...". Jy kan dit uit volle bors saam met Psalm 122 sing, maar dit vra ook dat jy dit dóén! Dit is mooi as mense dit deur hul dade wys. Die volk prys dan ook diegene wat dit doen.

Deur God aangewys (vers 1)

Hoe word die ander huise in Jerusalem gevul? Die inwoners word deur die lot aangewys. Na die beslissing, gaan hulle. Hulle is nie slegs deur die lot aangewys nie, maar deur God. Dit is hoe hulle dit sien. Ten minste, dit is hoe ons dit by God leer. In Spreuke 16:33 staan: *'In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.'*

Die lot word gewerp. 'n Apostel is op hierdie manier in Judas se plek aangewys (Hand. 1:26). So word die inwoners van Jerusalem ook aangewys deur God. Op hierdie manier trek hulle dan ook. Hulle volg God se vingerwysing, want dit gaan oor Jerusalem. Hulle wil die goeie vir die stad soek.

Wil u vandag ook die goeie vir Jerusalem soek? Vir die kerk van Christus? Selfs op so 'n manier dat u die plek waar u woon, daarop rig ... nie wat ú wil hê eerste nie, maar wat goed is vir die kerk?!

'n Mens ervaar dit gereeld dat daar op die punt van huisvesting eers gekyk word na 'n skool vir die kinders, wat waarborg staan vir onderwys na die belofte wat ouers by die doop afgelê het. Dit is dan ook tereg dat hierdie punt as belangrik geag word.

Jesus did not seek to shame a person through the exposure of his sin. Where sin is recognized, love remains silent - A Schlatter

Maar hoe nou kerk en skool ook al met mekaar verbind is, bly die kerk altyd meer as die skool. Dan kom die vraag na vore: kry die kerk haar regmatige plek by die oorweging van huisvesting?

In die begin van Nehemia 11 sien jy dat mense hul persoonlike verlangens onderskik stel aan wat goed is vir Jerusalem.

Wat maak u met sulke skrifgegewens? Waar leer u daarvan? Leer u om goed te weeg: huisvesting in diens van Jerusalem? Of kyk u eerstens met die keuse waar u gaan woon, na u eie voorkeure?

Kom die kerk nie eerste op die lys nie? Dink aan Abram en Lot as hulle van mekaar skei en moet kies waar hulle gaan woon (Gen. 13).

Ons leef nie vir onself nie. Ons is hier vir God, vir sy kerk en koninkryk. Ons moet leer dink en kies. Ons moet die goeie soek vir die bou van die kerk. Ook in die een-en-twintigste eeu.

Soms moet ons vir ons gevoel baie daarvoor inboet. Maar ons moet leer om prioriteite te stel in ons lewe met God. Uit liefde vir God en vir Jerusalem.

Lyste met name (11:3-36 & 12:1-26)

In 11:36 volg die name van diegene wat hulle in die nuwe Jerusalem gevestig het. Dit is veral:

1. Hoofde van die Judeërs (vers 5);
2. Hoofde van die Benjamineite (vers 7);
3. Priesters met hul werk in die tempel (vers 10);
4. Hoofde van die Leviëte wat ander take het;
 - Take in die buitediens van die tempel (vers 16);
 - Take by musiek en sang (vers 17, 22v.)
 - Take by die poortwag (vers 19).

In 12:1-11 volg 'n lys van (hoofde van) priesters en Leviëte wat net minder as 'n eeu gelede saam met die twee leiers Serubbabel en Josua uit ballingskap teruggekeer het en uit die tyd daarna.

In 12:12-21 volg 'n lys van hoofde van priesterfamilies uit die tyd van die hoëpriester Jójakim. Dieselfde een wat in vers 10 genoem word: *En Jésua was die vader van Jójakim; Jójakim was die vader van Éljasib ... (ens.)*

Jésua (=Josua) is die leier naas Serubbabel. Jójakim is die seun wat hom opgevolg het. Éljasib is die hoëpriester tydens die bou van die mure (Neh. 3:1).

'n Feestelike inwyding (vers 12:27v.)

U weet hoe dit gaan: hoe meer siele, hoe meer vreugde. Toe was dit ook so. Alle Leviëte word opgeroep uit die hele omgewing van Jerusalem. Hulle almal moet teenwoordig wees, nie waar nie? Juis die Leviëte! Hulle is die sangers en musiekmakers. Daar is geen fees sonder musiek en sang nie: *'Met vreugde en dankliedere en met gesang, simbale, harpe en sifers.'*

Dit stop nie by één soort lied en musiekinstrumente nie. 'n Fees is altyd 'n veelkleurige geheel.

Gereinig van die sonde (vers 30)

As hulle almal daar is, begin die voorbereidings: *'En die priesters en die Leviëte het hulleself gereinig, en die volk en die poorte en die muur gereinig.'*

Reinig van onreinheid. Reinig vir God. Soos jy is, pas jy nie by God nie. Jy moet pas-gereed gemaak word deur alle onreinheid weg te neem. Alles wat vloek met God, moet weggeneem word.

En die reiniging moet plaasvind by priesters en Leviëte. Hulle word eerstens genoem. Hulle staan die naaste aan God en mag Hom dien in en rondom die tempel. Hulle moet ook geskik gemaak word daarvoor.

Maar al die ander ook. Die hele volk én die poorte en die mure ook. Dit is die poorte en mure van Jerusalem. Nie sommer 'n stad nie, maar God se stad. Om 'n heilige stad te wees en 'n poort vir God, is reiniging nodig. Alles moet van sondes gereinig word. Alles word besprinkel met reinigingswater.

Met musiek en sang (vers 31-42)

Dan volg die prosessie: die optog oor die muur. Dit moes 'n stewige en breë muur gewees het: 'n Stoet mense beklim die muur en loop daaroor.

Hulle verdeel in twee groepe. Die een groep gaan links en die ander een regs. Die een met Esra, die skrifgeleerde by hulle; en die ander een met Nehemia, die stadhouer. Aan die einde ontmoet hulle mekaar weer by die tempel op die plein.

**Om 'n gereformeerde skool te kan bly,
is dit van kardinale belang
dat die gesinne gereformeerd is.**

- P Niemeijer

Daar op die tempelplein staan dan twee sangkore. Jy kry die indruk dat hulle in beurtsang sing. Of een stem met 'n teenstem. Vers 24: verskillende groepe sangers staan teenoor mekaar. Afdeling langs afdeling. Alles ooreenkomstig Dawid se gebod, die man van God! Dawid was nie sommer iemand nie: 'n man van God, ook op die gebied van sang en musiek. Om te loof en prys is daar spesiale kore vir die tempeldiens. Sien 1 Kronieke 6:31 en 9:33.

Die volk neem ook deel en staan nie slegs eenkant om te luister nie. Tog is daar volop ruimte vir geoefende sangers en musikante. Dit wat jy vir Góð sing en speel, moet goed versorgd wees: wát jy sing en hóé jy sing. Ek dink aan die tempelkore in die beryming van Psalm 98:3:

*Laat opklink deur jul tempelkore
Trompette en basuingeklank!*

Ons kom ook tempelkore teë in die boek Openbaring. Hemelkore. Dink aan Openbaring 4 en 5. Daar hoor jy die lof op God van:

- Die lyfwagte van God; die vier wesens om die troon (Open. 4:8);
- Die troonraad, die vier-en-twintig oudstes (Open. 4:11);
- Die vier wesens en vier-en-twintig oudstes saam (Open. 5:9, 10);
- Engelkore saam met die ander (Open. 5:12);
- Alle skepsele daarby (Open. 5:13).

Die een na die ander in 'n skitterende geheel. Beurtsang, stem en teëstem: dit maak die geheel kleur- en klankryk.

Dankoffers (vers 43)

In vers 43 word gepraat van talryke offers: *'En op dié dag het hulle groot offers gebring ..'*

Baie meer as gewoonlik. U ken dit: vir 'n gewone dag van God ontvang, is jy dankbaar. Maar vir 'n besondere een nog baie meer. Hoe ryker die dag is, des te dankbaarder is jy. Byvoorbeeld op 'n troudag en by die geboorte van 'n kind. Dan wys jy baie duidelik aan God dat jy dankbaar is. God eerste! Hy gee so 'n spesiale dag aan jou en daarom is daar ekstra offers vir Hom.

Of herken u dit nie? Verslyt dit: die talryke offers vir God? Daar word duisende rande uitgegee vir 'n

troudag, maar vir God niks ekstra's nie? In die Bybel kom ons gereeld ekstra offers teë. Op spesiale oomblikke baie bly én dankbaar! Ekstra gewes maak die lewe met God kleurryker.

Die lewe met God kan vervelig word as alles altyd dieselfde is. Dit raak maklik 'n sleur. Dan gee jy omdat dit daarby behoort en nie omdat jou hart dit vir jou ingee nie. In hoeverre is u nog verheug in God en bly met iets ekstra's? ...*en (hul) was vrolik; want God het hulle groot vreugde verskaf.*

Manne! Ook vroue en kinders! Jerusalem het gedruis van vreugde! Eer aan wie eer toekom: God alleen. Hulle moes hard werk aan die muur en dit het alles behalwe gemaklik gegaan. Dit is egter nie die gevoel van trots wat voorop staan nie: kyk, dit is wat ons reggekry het ... Nee, hulle verbly hul in God. Loof God, vervul van dankbaarheid. Dank Hom vir sy seën.

Die tempeldiens moet aangaan (vers 44-45)

Lewe met God is op spesiale dae, maar ook op gewones. Die werk van die priesters en die Leviete, van sangers en poortwagters moet voortgaan. Wat beteken nuwe mure met poorte, as poortwagters nie getrou op hul pos staan en noukeurig hul werk verrig nie? Wat beteken 'n huis van God, as priesters en Leviete nie sorg dra vir die diens aan God nie?

In en rondom die tempel: alles moet goed versorg word. Die Israeliete het baie daarvoor oor. Vir God se huis en vir God se stad. Priesters en Leviete word in hul lewensonderhoud voorsien deur die hele volk. Bydraes, eersteling, tiendes: wettige bydraes. Noem dit maar vaste, vrywillige bydraes. Bestem vir hulle wat sorg vir die diens aan God.

Sorg vir wagters en sangers (vers 47)

'En die hele Israel het in die dae van (...) Nehemia die aandele van die sangers en van die poortwagters gegee ...' Ek wil graag met name aandag aan die sangers gee. Daar word in hul lewensonderhoud voorsien, omdat die lof aan God baie werd is. Dit was reeds so in die tyd van die Ou Testament. Ek dink dat dit nie minder geld in ons tyd nie. Of miskien selfs meer. In die Nuwe Testament word dit immers juis meer en ryker? Ek het al gewys na Openbaring 4 en 5.

**In die Bybel staan die wraak van God
nie teenoor sy reg nie,
maar in diens van sy reg**

- HGL Peels

Wat doen ons vir hierdie diens aan God: van sang en musiek? Wat sal ons daarvoor offer? Is dit 'n betrekking op die jaarlikse begroting van die kerk? Nie slegs vir die orrel nie, maar ook vir sangers en musikante? In sommige kerke word daar goeie aandag aan gegee, maar in ander ongelukkig weinig of niks.

Ook die slot van Nehemia 12 moet iets vir ons sê. Dit gebeur wanneer ons hart getref word deur God. God se hart is self aan die brand vir 'n nuwe Jerusalem. Met alles wat daar is, met nuwe bewoners en ryk gawes.

Ons moet hart hê vir 'n nuwe Jerusalem. Vir die lied in Jerusalem. Ons moet daarvoor lewe met dit wat jy is en het, alles van God ontvang. Met dankbare sorg vir sy diens.

**Faith looks away from self and human performance
to what God has done in Christ for salvation**

- TR Schreiner